N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 26

26 Junie 2022

'n Weerspieëling van wat binne-in is

Integriteit beteken dat dit wat buite is, 'n weerspieëling is van dit wat binne-in is; dit is die ware wese van 'n man. Daniël illustreer hierdie eienskap pragtig. Toe 'n bevel uitgevaardig is dat mense slegs in die naam van Babilon se koning Darius mag bid (Dan 6), het Daniël na sy bokamer gegaan waar die vensters oop was, op sy knieë gegaan en drie keer per dag tot God in die hemel gebid – 'soos sy gewoonte altyd was'. Dit was nie 'n valse vertoning nie, eerder die eenvoudige uitlewing van dit wat binne-in was. Dit is interessant om te sien dat daar nêrens in die Skrif enigiets negatiefs oor hom gesê word nie.

Etiese beginsels

Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in Sy groot mag. Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel. Ef 6:10-11

Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor die begeerstes van julle sondige natuur nie. Gal 5:16

Dit verseker Ek julle: Elkeen wat sonde doen, is 'n slaaf van die sonde. 'n Slaaf bly nie vir altyd by 'n huisgesin nie; 'n seun bly vir altyd. Eers as die Seun julle vry maak, sal julle werklik vry wees. Joh 8:34-36

Rig jou gedagtes op Christus

Ek is daarvan oortuig dat die stryd in hierdie wêreld 'n stryd in die gemoed is. Ons gemoed is belangike teikens waarop die vyand sy aanvalle rig. Wanneer die wêreld sy boogsnaar span, is ons gemoed die skyf. Alle pyle wat ons toelaat om in ons gemoed vas te steek, sal uiteindelik ons gedagtes vergiftig. As ons dit dan lank genoeg verduur, sal ons uiteindelik dít wat ons dink, uitvoer. 'n Tegniek waardeur ons daardie gif kan teenwerk, waardeur ons met die verleiding van die wêreld kan afreken, is om ons gedagtes op Christus te rig. Dit kan ons doen deur te onthou wat ons Verlosser vir ons gedoen het.

Dankie!

- **Dat Christus die hart van ons hemelse Vader aan ons kom openbaar het!**
- **Vir die voorbeeld van Christus, van hoe om as hemelse burger hier op aarde te leef, toe Hy in die vlees op aarde gewandel het!**
- **Vir die riglyne in Sy Woord van hoe om staande te bly in ons geestelike stryd teen die bose!**

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir die Kaokoland uitreik.

Voorbidding

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
- Janine Vorster –Vir volkome genesing.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Johan Kotzé – vir volkome genesing.
- Tannie Marinda Jordaan – vir volle genesing.
- Tannie Hester Weldhagen – vir die Here se nabyheid en genesing.
- Hanna Pienaar – vir volkome genesing.
- Toni Redelinghuis – vir nabyheid van die Here.
- Suzelle Barkhuizen – vir volle herstel en genesing.
- Jaap Naudé – vir volle genesing.
- Eberhard Carshagen – vir die nabyheid van die Here.
- Marga Holzhausen – vir volle genesing.
- Annika Killian –vir genesing en herstel.
- Lilian van Zyl - vir genesing en herstel.
- David Huxham se pa – vir nabyheid van die Here.
- Eli van Rensburg – vir genesing.
- Oom Hannes Stolz – vir beterskap
- Karel Olsen – spoedige herstel
- Sanet Brits – spoedige herstel
- Dink in gebed aan Corrie Brink & Familie met die afsterwe van sy vrou Vicky

Gedagte vir die week:
Wanneer mense van jou kwaadpraat, lewe só dat niemand hulle sal glo nie.
Joodse spreekwoord

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org